

## PROBLEME BY DIE SKRYWE VAN SKOOLGESKIEDENISBOEKE

„There can be no such thing as objective history. Historians (honest or dishonest) are no more objective than witnesses (honest or dishonest) in a lawcourt; no two of them give the same account of the same thing; and no one of them ever succeeds in saying exactly what he sets out to say about it”

E. H. Dance, *History the Betrayer — A Study of Bias* (Londen 1960), p. 9

### I

As ek geweet het hoeveel probleme die skrywe van skoolgeskiedenisboeke vir my ná hulle verskyning sou meebring, sou ek my hand nooit daaraan gewaag het nie.

Niemand skyn met 'n skoolboek tevrede te wees nie: Van die kant van sommige Afrikaanse onderwysers het daar klagte gekom dat my reeks *Geïllustreerde Geskiedenis vir die Hoërskool* (St. VI — X) nie vanuit 'n „Christelik-nasionale” standpunt geskryf is nie, dat dit te kleurloos objektief is; dat dit nie „patrieties” is nie en te veel „Suid-Afrikaans”, dat „Slagtersnek” nie die tradisionele Afrikaanse beskouing bevat nie, dat sekere hoofstukke te kort, ander te lank is, dat die taal soms bo die vuurmaakplek van die leerlinge is, dat daar te veel vrae en paragrawe in voorkom, en wie weet wat nog alles, genoeg om van grys te word.

Van die kant van die Engelstalige pers het daar 'n stortvloed kritiek losgebreek teen die Afrikaanse skoolgeskiedenisboek in die algemeen en in besonder teen my reeks en veral die Engelse vertaling daarvan, nl. *Illustrated History for the High School Std. VI—X*. Hierdie aanvalle het voortgespruit uit twee besonderhoude in die *Sunday Times* deur mnr. F. E. Auerbach, 'n onderwyser van Johannesburg, na aanleiding van sy *An Enquiry into History Text Books and Syllabuses for Transvaal High Schools*,<sup>1</sup> wat as dissertasie aan die Universiteit van die Witwatersrand ingedien sal word, en 'n lesing wat hierop gebaseer is, nl. *Different Pictures of a common Past*<sup>2</sup>. Wat oor ander Afrikaanse skoolgeskiedenisboeke hierin gesê is, laat ek tersyde. Ek vind dit noodsaaklik om enigsins breedvoerig in te gaan op oordele wat oor my werk uitgespreek is en sake reg te stel waar ek meen verkeerde gevolgtrekkings gemaak is. Daaruit sal enkele algemene stellings en beginsels oor die geskiedenisonderrig afgelei word.

In die *Sunday Times* van 25 September 1960 is berig: “A Johannesburg teacher has discovered “sinister” differences between the Afrikaans and English versions of Transvaal school history books. He fears the reason for this may be that White South African children — and especially Afrikaans children — are being educated along the lines of Hitler’s “Mein

1. In afgerolde vorm onder die publiek versprei in 1960, 8 pp.

2. In afgerolde vorm versprei in 1962, pp. 16.

Kampf" theory: 'All education must have the sole object of stamping the conviction into the child that his own people and his own race are superior to all races' . . . The above examples of changed Afrikaans versions show prejudice against a large variety of groups". Na aanleiding van gemelde lesing en persoonderhoud het die *Rand Daily Mail* van 15 November 1960 as opskrif gehad: „Transvaal textbook slated by Expert" en die volgende dag het die blad in 'n hoofartikel na aanleiding hiervan geoordeel: "Disclosures made by an educationist of the discrepancies that exist between English and Afrikaans history textbooks used in the schools make it clear that there is a positive element of bias in these books . . . Clumsy amendments like these suggest that the authors, in writing these books, lacked the historian's objectivity. They confirm what has long been suspected — that some of the teaching in our schools is doctrinal and tendentious".

In die *Rand Daily Mail* van 18 November 1960 lui 'n opskrif: "Anger is growing at biased text books" en hierin word deur mev. Sylvia Nell geoordeel: "Wide differences in the contents of Afrikaans and English history books were calculated to build up a prejudice among Afrikaans-speaking children against their fellow countrymen". In *The Star* van 11 November 1960 het 'n leseres haar verbasing daaroor uitgespreek dat Engels-mediumskole my St. VI-boekie kan gebruik en gevra: "Is it right that this kind of Nationalist propaganda, however subtly suggested, should be indoctrinated into credulous 13-year-olds?"<sup>3</sup> Die eerste lesing van mnr. Auerbach

3. Hierdie brief met my antwoord word *in extenso* aangehaal sodat die lesers self kan oordeel.

#### INDOCTRINATION AT SCHOOL

STAR, 11.11.60

Sir, — I seem to have been under the misapprehension that the history taught at the government schools was presented as an unbiased, factual account.

I was therefore amazed to come across the following, in a history text-book called "History for Standard 6" by F. A. van Jaarsveld, J. J. van der Walt and Dorothea Behr: "It was in the time of Pericles that Athens developed into a true democracy. The rich and the poor, the peasant and the nobility, all had equal rights in this state. At a gathering of the people they could make their own laws and appoint their own officials. This form of government is called a democracy (demos equals people). The Government of Athens was a form of republican government. South Africa is also a democracy."

The book was published in 1958. I am amazed that any history teacher should consent to use this kind of book, which is punctuated throughout with similar passages.

Is it right that this kind of Nationalist propaganda, however subtly suggested, should be indoctrinated into credulous 13-year-olds? The book was written specially for the Transvaal Education Department.

(Miss) M. COWAN.

This letter was sent to Prof. F. A. van Jaarsveld, Professor of History at the University of South Africa, one of the authors of the book who commented as follows: The writer reads more into the quotation than it actually contains. It mentions facts. No "political" implication was intended. Athens was a democracy and had a form of republican government. Because the book was written for South African pupils, South Africa was mentioned by way of a familiar example, to suggest the relationship to the Greek origins of democracy. It would have been inappropriate to qualify "democracy" in South Africa further in this context. I wrote the book in 1955 before the republican movement became a burning issue.

I fail to see how subtle "Nationalist propaganda" can be attributed to this particular quotation. The writer should adduce apt and more conclusive examples.

het dus 'n ketting-reaksie en 'n sneeubalvergroting tot gevolg gehad. Die klok is gehoor lui, maar sonder om te weet waar die bel hang. Op 10 Junie 1962 het die *Sunday Times* na 'n tweede onderhoud met mnr. Auerbach 'n groot opskrif gehad: "Textbooks: distortion and "translation" — Book Chapter was altered 92 times". Hierdie onderhoud was na aanleiding van sy lesing „Different Pictures of a Common Past." Volgens die onderhoud het mnr. Auerbach drie tipe skoolboeke ondersoek: "The first type was for English-speaking children and was written in English. These books were reasonably unbiased . . . The second type was written in Afrikaans for Afrikaans-speaking children. These books were translated into English with certain changes to make them acceptable. (Hierdeur gee hy te kenne dat hulle anders nie aanvaarbaar sou wees nie!) The third was also written in Afrikaans by people whose views on history were in many cases more prejudiced than the second type. These were not translated into English." Onder andere word my reeks *Illustrated History* onder die tweede tipe ge-rangskik.

Mnr. Auerbach het o.a. die tekste van die eerste uitgawe van my *Geïllustreerde Geskiedenis* en *Illustrated History* met mekaar vergelyk en bevind dat die Engelse vertaling nie 'n absoluut korrekte of in elke woord getroue vertaling, van die oorspronklike Afrikaanse teks is nie. Hy het bv. na 'n vergelyking van die hoofstuk „Afrika na 1939" in die St. VIII-boek bevind dat daar „92 veranderinge" in die 25 bladsye was, en daaroor geoordeel: "There are the omission of emotively charged words and toning down of sentences or paragraphs in books which have been translated from Afrikaans into English". Onder weggelate woorde verstaan hy „emotive epithets" . . . the term used for words that are likely to arouse feelings of dislike or antipathy against the group discussed". Hy gee voorbeelde waarna ons nog sal verwys en kom tot die gevolgtrekking: "Since all these books . . . were first written in Afrikaans, the fact that they have to be toned down is an admission that the version of the past that is presented to Afrikaans-speaking children must be changed before it becomes at all acceptable to the English-speaking community"<sup>4</sup> . . . It was an example of bias removed by the omission in translation of words charged with emotion . . . it will be seen from this that the problem of prejudice is most pronounced in textbooks put before Afrikaans-speaking children"<sup>5</sup>. Mnr. Auerbach het ook bevind dat my St. IX en X-boek "has been translated into English with only minor amendments, showing that the authors consider it broadly acceptable to both sides"<sup>6</sup>.

Tot watter algemene gevolgtrekking het mnr. Auerbach gekom? Naamlik, dat sommige van die handboeke wat hy aangehaal het (wat o.a. my reeks insluit) "deliberately set out to foster — we must not be surprised that the children who read them year in and year out acquire such strong prejudices against all groups save their own that they become unwilling, as adults, to listen to anyone else's point of view, and howl down anyone who

4. *Different Pictures of a common Past*, p. 2 en 5.

5. *Sunday Times*, 10.6.1962.

6. *Different Pictures*, p. 12.

says what they do not like. It will not stop there. It did not stop in Germany. Violent prejudices end by demanding action — violent action — against the “enemy”. They will get that action unless something positive is done at once to stop the inculcation of prejudice in our children, especially our Afrikaans children, through these textbooks”<sup>7</sup> (wat ook my reeks insluit, want hy het dit nie uitgesluit van sy eindoordel nie).

Om saam te vat: die afleidings wat Engelstalige koerante en persone ná mnr. Auerbach se persoonlike en van sy afgerolde lesings gemaak het, is dat o.a. my skoolgeskiedenisreeks „bevooroordeel” teen ander landgenote as die Afrikaners is, dat dit die historikus se „objektiwiteit” mis, dat die onderrig deur dié boeke derhalwe „doctrinal and tendentious” is, dat die verskille tussen die Afrikaanse teks en die vertaling „voorbedag” (calculated) is om die Afrikaanse kind teen ander te beïnvloed; dat die boekies „Nationalist propaganda” bevat d.w.s. „indoktrinasië”. En volgens mnr. Auerbach self kan die „sinistêre verskille” wat hy ontdek het in die twee tekste („versions”) moontlik toegeskryf word aan Hitler se *Mein Kampf*-teorie.<sup>8</sup> Kortom kom sy bevindings daarop neer dat ek oneties opgetree het deur nl. ’n ander beeld aan die Engelsprekende leerlinge te gee as wat ek aan die Afrikaanssprekende leerlinge voorgehou het. Die tweede bevinding spruit hieruit voort, nl. dat die vertaalde teks waaruit en waarin emosioneel-gelaaide byvoeglike naamwoorde of sinne weggelaat of sagter gestel is, die beste bewys lewer van die bewustelike subjektiwiteit en bevooroordeeldheid van die Afrikaanse teks.

As ’n mens mnr. Auerbach se onderhoude en sy afgerolde lesings in hulle geheel lees, dan kom ’n tendensie daaruit te voorskyn nl. dat hy graag wil bewys dat die Afrikaanse skoolgeskiedenisboek (waaronder ook my reeks) vooroordeel teen nie-Afrikaanssprekendes kweek en omdat hy bevind dat die boeke deur Engelssprekendes geskryf vir Engelssprekende leerlinge „reasonably unbiased”<sup>9</sup> is, bepleit hy bewus of onbewus — al is dit nie direk in soveel woorde gesê nie — dat die skoolgeskiedenisboeke wat deur ’n Afrikaanssprekende geskryf is maar wat *vertaal* is, van die Engelse skole verwyder moet word. Sy slotparagraaf lui immers: “It is up to teachers of all groups . . . to put into the hands of children only those books that create the least prejudice against any part of the human family”.<sup>10</sup>

## II

As dit nie was vir hierdie openbare verdagmaking van my integriteit as historikus in wye kringe nie, of vir die feit dat ek al dikwels objektiwiteit en onbevooroordeeldheid sover menslike beperkinge dit toelaat, bepleit het<sup>11</sup>

7. *Ibid.*, p. 15.
8. *Sunday Times*, 25.9.1960.
9. *Sunday Times*, 10.6.1962.
10. *Different Pictures*, p. 16.
11. Vgl. bv. Gevare verbonde aan *Geskiedenisonderrig* (*Onderwysblad*, April 1956); *Oor die vereistes van die ideale geskiedenisonderrig* (*Onderwysblad*, Okt. 1958); *Geskiedenisonderrig en Verantwoordelikheid* (*Onderwysblad*, Julie 1959); *Skoolgeskiedenisboek en onderwyser* (*Onderwysblad*, Aug. 1960); *Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig* (Johannesburg, 1960). Vgl. ook my boek *Lewende Verlede* (1962), afdeling 3.

— en die erns van hierdie pleidooie met verwysing na my skoolboeke nou betwyfel word nie, sou ek mnr. Auerbach se *Sunday Times*-onderhoude en afgerolde lesings (waarvan hy my nie 'n eksemplaar gestuur het voordat ek daarom gevra het nie) gelaat het vir wat dit werd is. Ek gaan egter die agtergrond van die totstandkoming van my eie reeks verduidelik en probleme aantoon wat die skoolgeskiedenisboekskrywer in die praktyk in die wiele ry, waardeur dit sal blyk hoe maklik, gevaarlik en onverantwoordelik dit is om oorhaastige gevolgtrekkings te maak uit onvoldoende materiaal, sonder agtergrondkennis van sake of vanuit 'n vooropgestelde tendensie. Daar sal ingegaan word op mnr. Auerbach se metodes van kritiek en op sy bevoegdheid om te kritiseer; verder sal enkele voorbeelde uit mnr. A. N. Boyce se *Legacy of the Past* behandel word om aan te toon dat vooroordeel of foute nie net kenmerke is van die Afrikaanse skoolboek nie, soos mnr. Auerbach beweert.

Die tema van mnr. Auerbach is oorspronklik en aktueel en moet in verband gesien word met die wêreldwye pogings om beter onderlinge begrip tussen verskillende rasse, nasies of groepe deur middel van die skoolboek te bevorder. Dit kan geskied deur konferensies van geskiedenisonderwysers wat mekaar se skoolboeke uitruil, kritiseer en korregeer met die oog op die weglating van emosioneel-gelaaide adjektiewe, of die byvoeging van wat die ander groep graag daarin opgeneem wil sien, sodat deur onderlinge samewerking die mees aanvaarbare, wetenskaplik en objektiewe beeld bereik kan word. Omdat die onderrig van die geskiedenis so na aan die *lewe* staan, word aanvaar dat dit 'n vormende waarde het en dat eenheid en samewerking daardeur bevorder kan word in plaas van onderlinge verdeling of die aankweking van kwade gevoelens of wantroue. Daarmee is niks verkeerd nie. Ek het dit reeds in 1956 as ideaal vir Suid-Afrika gestel<sup>12</sup> en dit daarna herhaal.<sup>13</sup> En om praktiese gevolg daaraan te gee, het ek in 1959-60 my reeks *Geïllustreerde Geskiedenis* aan mnr. C. T. Gordon, 'n Engelssprekende dosent van die Johannesburgse *College of Education*, vir kommentaar op die teks voorgelê. Hy het oor al drie boekies tot St. VIII skriftelike aanbevelings gemaak<sup>14</sup> wat ek vir die volgende uitgawes van beide tekste — Afrikaans sowel as Engels — oorweeg en in- of bygewerk het sonder 'n fundamentele verandering van die algemene beeld — 'n *bewys* dat dit aanvaarbaar was en is vir beide taalgroepe. In 'n algemene omsendbrief van my wat deur my uitgewer aan al die Transvaalse skole gestuur is,<sup>15</sup> het ek die onderwysers uitgenooi om kommentaar op die reeks te lewer. Van Afrikaanse kant het daar heelwat aanbevelings binnegekom; van Engelssprekende kant was daar nie reaksie nie.

12. Vgl. *Die waarde van die Algemene Geskiedenis op skool*, 'n lesing gehou op uitnodiging van die Universiteit Witwatersrand en die Johannesburgse Onderwyskollege voor 'n konferensie van geskiedenisonderwysers op 19 Mei 1956. Gepubliseer in *Historia*, Jrg. II, nr. 1. Vir die verwysing vgl. p. 53.

13. Vgl. *Historia* Jrg. VI, nr. 1: *Geskiedenisonderrig in die Na-Oorlogse Duitsland*, p. 15. Lesing gehou op 29 Aug. 1960.

14. Hierdie aanbevelings is in my besit en is vir enigeen ter insae.

15. 'n Eksemplaar hiervan is ook ter insae in my besit.

My doel was om die boekies algaandeweg te verbeter — die eerste druk is gewoonlik haastig afgewerk, (omdat 'n mens aan 'n hele reeks skryf wat die uitgewer gou op die mark wil hê) onvolledig, onvolmaak en bevat dikwels enkele feitlike onjuisthede, setfoute, of byvoeglike naamwoorde wat by latere oorweging blyk liever weggelaat te kon gewees het. Dit mag onbewuste en nie-opsetlike subjektiwiteit bevat — welke historikus is volmaak of kan meganies skryf sonder om sy oordeel hier en daar te laat deurskemer? Is dit nie menslik dat dit kan gebeur nie? Ek dink nie ek het ooit 'n enkele keer bewustelik beplan, soos beweer word, om die lesers teen ander groepe in ons land te beïnvloed nie. My verantwoordelikheid as historikus het dit van my geverg, maar ek gee toe dat my menslike beperkinge my onbewus kon gelei het om enkele sinne so te stel dat dit hier en daar blyke van subjektiwiteit gee. Veral waar ek die *verhaal* as hoofsaak beskou het en nie blote droë, soutlose *kronieke* wou gee nie (want dit is nie „geskiedenis” nie), kon die neiging om *leiding* te gee aan die verhaal en *beskrywend* te wees, 'n mens makliker daartoe bring om onvolmaak te skrywe. As ek myself afvra of ek op enige plek *bewustelik* gesit en *beplan* het om leerlinge deur subjektiewe oordele, bittere sinswendinge, of direkte aanvalle teen ander bevolkingsgroepe in of buite ons land te beïnvloed met die oog op die aanwakkering van antipatie, skepping van vooroordeel of haat, kan ek met 'n eerlike gewete *nee* antwoord. Dat onbewuste vooroordeel teen mense of dinge op enkele plekke in my teks kan sit — dit gee ek toe, is moontlik. Ek sou 'n masjien, 'n bonatuurlike wese gewees het as dit nie so was nie.

Maar omdat ek oop is vir kritiek, vir verbetering en aanvulling van die teks, het ek steeds elke druk nagesien en waar moontlik onnodige adjektiewe of onbewuste vooroordeel, waarvan ek *bewus* geword het, verwyder. Ek moet byvoeg dat sekere punte waarop mnr. Auerbach in 1960 gewys het, reeds in volgende drukke uit my teks verwyder is (sonder sy toedoen).

Sy navorsing het wel 'n positiewe bewusmakende effek gehad, waarvoor ek hom dankbaar is. Dit geld die vertaling. En, omdat ek net so verras was as hyself oor die verskille in die vertaling, het ek gedurende 1961-62, toe nuwe drukke nodig was, saam met die vertaalster van my reeks tot St. VIII gewerk om die twee tekste presies eenders te kry sodat die 3de Afrikaanse en 2de Engelse drukke van die St. VI, die 4de en 2de van die St. VII en die 3de en 2de van die St. VIII-boekies — sover taal en menslike beperkinge dit toelaat — dieselfde sal wees.<sup>16</sup>

My opvatting is dat 'n skoolboek nie 'n statiese, onveranderlike voorwerp is, soos mnr. Auerbach blykbaar aanneem nie, maar 'n veranderlike, waarvan die eerste druk gewoonlik nog in die stadium van 'n eksperiment verkeer wat uitgetoets of aangevul, nagesien 'en verbeter kan word. My

16. Ek het beide die vertaalster en uitgewer gevra om noukeurig toe te sien dat die rekste eenders lui, en het persoonlik, sover moontlik die tekste saam met die vertaalster deurgewerk. Dit mag wees dat daar nog enkele verskille in woorde bestaan wat ons nie raakgesien het nie. Om die tekste van ses boeke deur te werk en woord vir woord te vergelyk, verg tyd — iets wat by 'n navorser skaars is.

kritikus ver wag blykbaar van die *Afrikaanse* skoolboekskrywer die onmoontlike, nl. om *volmaak objektief en absoluut onbevooroordeeld* te wees, en as dit nie bereik word nie, is dit *noodwendig* bewustelike beplanning tot propaganda en misleiding. Hy laat deur so 'n houding blyk dat sy maatstaf vir die „waarheid” is 'n *Engelse* boek deur 'n *Engelssprekende* geskryf vir *Engelssprekende* leerlinge. Ek vra my af waarom mnr. Auerbach, as hy dit waarlik ernstig bedoel het om my aangeklaagde boekies te verbeter, nie ook na die jongste nagesiene drukke gekyk het, of by my navraag gedoen het oor sekere aspekte daarvan nie, of aan my op sy eie 'n eksemplaar van elke lesing gestuur het, met die versoek of ek nie daarop wil ingaan en my boeke in die lig daarvan wil hersien nie: Dit sou meer blyke van erns en van samewerking gegee het, as die op sensasionale wyse stel van sy saak in 'n Sondagblad of 'n klag by die Joodse Raad.

My vraag is of mnr. A. N. Boyce sy reeks vir hersiening al aan 'n Afrikaanssprekende voorgelê het of sal voorlê, of neem mnr. Auerbach aan dat dié boek as „reasonably unbiased” die volle waarheid van ons geskiedenis bevat? Of het mnr. Auerbach se eie verkleefdheid aan die siening van die Engelssprekende gemeenskap hom blind gemaak vir kritiese oordele daaroor?

### III

In sy persoonlike en afgerolde lesings het mnr. Auerbach keer op keer gestel dat my Afrikaanse teks van *Geïllustreerde Geskiedenis vir Afrikaanssprekendes* bedoel is en dat dit syns insiens derhalwe bewustelik subjektief of bevooroordeeld met die doel om die Afrikanerkind teen ander groepe binne of buite die land te beïnvloed en waardeur dit vir Engels-mediumskole onbruikbaar sou wees. Ten einde die teks „acceptable” (aanvaarbaar) te maak vir die *Engelssprekende* gemeenskap is daarvan volgens mnr. Auerbach derhalwe 'n beplande ander „version” gegee met implikasie: bewuste weglating van woorde of sinne wat vooroordeel bevat. Laat ek dadelik sê dat dit 'n ongeregverdigde en verkeerde afleiding is. As hy die vertaalster, mev. Behr geraadpleeg het, sou hy hiervan bewus gewees het. Ek het nie vir die *Afrikaanse* kind geskryf nie, maar 'n skoolgeskiedenisboek vir *Suid-Afrikaanse* kinders wat die waarheid moet nastrewe in soverre my menslike vermoë dit toelaat.

Hoe moet die geringe verskille tussen die twee tekste verklaar word? — want gering is dit inderdaad, so gering dat die *groot beeld* wat die *voorstelling* van ons verlede volgens die inhoud van die leerplan bevat, in sy *geheel* en *onderdele* (vgl. afdelings, paragraafnummers en sinne) *weselik dieselfde* gebly het. Daar is *nie* twee beelde (pictures) van die gemeenskaplike verlede deur die Afrikaanse teks en sy vertaling gegee nie. Mnr. Auerbach se inskakeling van die geringe verskille onder „Two pictures of a common Past” pas nie in hierdie verband nie en is erg *misleidend*.

Die verskille kan ook verklaar word uit die volgende: My Uitgewer het iemand gevra om die St. VI, VII en VIII-boekies te vertaal nl. mev.

dr. Dorothea Behr.<sup>17</sup> Ek het aangeneem dat dit 'n getroue vertaling sal wees. Omdat ek besig was om aan 'n reeks van vier boeke te werk, het die Uitgewer my die moeite gespaar om die vertaalde teks of enige proewe te lees; ek het die vertaling *vir die eerste* keer in boekvorm aanskou en geen tekste daarvoor of daarna vergelyk nie. Ek was verras toe mnr. Auerbach na verskille in die *Sunday Times* van 19 September 1960 gewys het. By navraag het dit geblyk dat mev. dr. Behr gevra is om 'n „vrye” en nie 'n „letterlike” vertaling te maak nie. Ek herinner my dat sy een of twee keer uit Johannesburg gebel het om een of ander sin te bespreek wat sy bevind het, weggelaat kan word sonder om die *beeld* te verander. Ek het dit as 'n hersiening van die teks beskou waarin geen kwaad kan sit nie, met die gedagte om die enkele veranderings later in die tweede druk van die Afrikaanse teks oor te bring. Ek het nie 'n lys gemaak van die paar kleiner veranderings wat tot my kennis gekom het nie, — uit oorwegings van menslike faktore.

Het mev. Behr nou *opsetlike* veranderings aangebring om twee beelde of totaal van mekaar verskillende versies te skep? Sy het my self te kenne gegee dat dit nie die geval is nie. Sy het wel *verbeter* op die oorspronklike teks. Waarom? Omdat dit makliker is vir 'n *tweede* persoon wat rustig agterna lees (of vertaal) om verbeterings ten opsigte van uitdrukking, adjektiewe, onnodige woorde of frases aan te bring. So 'n tweede persoon sien die teks „met ander oë”. Ek het hierdie les daaruit geleer: 'n tweede persoon behoort 'n manuskrip te lees voordat dit pers toe gaan. Verder 'n tweede les: waar 'n oorspronklike teks vertaal moet word, moet die eerste teks nie pers toe gaan voordat die vertaling nie voltooi is nie. Die twee tekste moet dan vergelyk word om verskille uit te skakel of verbeterings aan te bring. As beide absoluut eenders is, kan dit pers toe gaan.

In die praktyk het dit egter so uitgewerk: die Uitgewer is haastig om die boek op die mark te kry (nuwe leerplan) en druk die skrywer. Die manuskrip gaan so gou moontlik pers toe — en die vertaling word uit die gepubliseerde boek gemaak. As die vertaler jou dan op enkele punte gewys het waarop verbeter kan word, kan dit nie in die oorspronklike Afrikaanse druk oorgebring word nie. Moet punte van kritiek van die vertaler geïgnoreer word, of moet die vertaalde teks die verbetering weerspieël? Ek meen lg. moet gedoen word, maar daar *is* versuim om dit in die *voorwoord* te sê! By gebrek aan ervaring kan 'n mens ook fouteer. Op 'n volgende geleentheid *weet* 'n mens hoe om te werk te gaan! Ek moet egter byvoeg dat die groot sensasionele kopopskrifte van „Sinister differences”, „Textbooks differ in Translation”, „Book Chapter was altered 92 times”, berge uit molshope maak. Die implikasie daarin van onetiese optrede, gaan veels te ver en is mynsinsiens bereken op *verdagmaking*.

17. Dit was waarskynlik mode vir die Uitgewer om 'n paar name aan die teks te koppel. So is o.a. mnr. J. J. van der Walt se naam toegevoeg aan die reeks (Afrikaans en Engels) sonder dat hy 'n reël tot die boek bygedra het. Mev. Behr, die verstaalster, se naam is nie los aangebring soos dit moes nie, maar geïntegreer met myne en dié van mnr. van der Walt, sonder dat sy skryfster was.



Laat ons op konkrete voorbeelde van verskille in die tekste ingaan. 'n Mens kan aanneem dat mnr. Auerbach se „onthullings” slegs *die beste voorbeelde* tot kennisname vir die publiek bring. Dis opvallend dat hy *dieselfde* voorbeelde wat hy in September 1960 aangehaal het, weer in Junie 1962 opdis — omdat hy nie beter of ander van gelyke krag kon vind nie? Sy verklarings dat die voorbeelde maar enkele uit vele is (sonder om 'n lys te gee) laat 'n mens vermoed dat hy sy saak sterker wil laat voorkom as wat dit is — Die publiek moet die *indruk* kry dat *elke* „verandering” 'n verdoeseling of uitskakeling van subjektiwiteit is; hy wil m.a.w. die indruk skep van hoe swak, onbruikbaar en bevooroordeel die Afrikaanse teks nou werklik is. (Die lesers gaan immers tog nie self vergelyk nie!) Toe die *Sunday Times* van 10 Junie 1962 as kopopskrif geneem het „Chapter altered 92 times” het mnr. Auerbach waarskynlik self teruggedeskrik vir sy stelling want op 17 Junie kwalifiseer hy dit in 'n brief aan genoemde blad met “many of these changes may have been unconscious rephrasing on the part of the translator in his efforts to produce a version that would be acceptable to the English-speaking community”.<sup>18</sup> En verraai dit nie dat lewensbeskoulike agtergrond selfs by 'n vertaling 'n rol speel nie!

Om nou op sy sensasionele „92 veranderings” in te gaan. Die betrokke hoofstuk handel oor „Afrika na 1939” — een van die moeilikste in die boek, 'n hoofstuk waaraan ek twee maande lank gewerk het — meestal in die biblioteek van die *Institute of International Affairs* in Foxstraat 88, Johannesburg. Toe ek dit in 1956/57 saamgestel het, was daar nog weinig kontemporêre literatuur; en aangesien die hoofstuk *tot op datum handel*, was ek grootliks aangewys vir inligting op *koerant-uitknipsels* wat in die *Institute* geliaseer is. Dit spreek vanself dat tydsinvloede 'n rol kon gespeel het. Mnr. Auerbach verwyt my van vooroordeel waar ek oor die „belangstelling van die grootmoondhede in Afrika” o.a. verwys het na Indië: „Indië tree op as die kampvegter vir die nie-blankes van Afrika en hits hulle aan teen die blanke volke van die Weste”.<sup>19</sup> Dit het waarskynlik nie in die smaak van die vertaalster geval nie, want sy het dit vertaal met: “India acts as the champion of the non-whites in Africa”.<sup>20</sup> Die laaste woorde is weggelaat (sonder my toestemming). Wat moet ons hiervan aflei? Het dit die beeld gewysig?

Toe ek die hoofstuk geskryf het, was dit in die nuus dat Indië wel Suid-Afrika by die V.V.O. aangekla het en as kampvegter van die nie-blankes optree. Is dit nou werklik so verkeerd? Ek gee toe dat eie-tydse geskiedenis waar 'n mens *binne* die gebeurtenisse lewe, gevaarliker en moeiliker is om te skryf as verwyderde geskiedenis omdat 'n mens geneig is om *opinions* te reflekteer.

Dit is nou volgens mnr. Auerbach veranderings soos hierdie wat bewys dat die boek „subjektief”, „tendensieus” en „bevooroordeel” is — dus opsetlik so *beplan* om die Afrikaanse kind te beïnvloed. Dit word volgens hom vir

18. *Sunday Times*, 17 Junie 1962.

19. *Geskiedenis in St. VIII*, 1e druk, 1958, p. 77.

20. *Illustrated History*, St. VIII (1959), p. 102. Intussen is die gewraakte woorde uit die volgende druk van die Afrikaanse teks geneem.

die Engelse leerling *weggesteek* — net om die boek „aanvaarbaar” te maak! Dit is een van die 92 voorbeelde. ’n Ander voorbeeld waaroor mnr. Auerbach in die pers gekla het: Oor Frans-Wes-Afrika het ek geskryf: „Daar woon net 63,000 Franse tussen 17,000,000 nie-blankes.”<sup>21</sup> Die vertaling: “In French West Africa there are 63,000 French people living among 17,000,000 non-Whites”.<sup>22</sup> Die woordjie „slegs” is weggelaat. Maak dit ’n wêreldse verskil? Was ek subjektief? In die volle konteks van die sin wou ek slegs aandui hoe weinig blankes daar woon. Die sin volg direk op: „Hierdie enorme gebied bevat ’n deel van die Sahara-woestyn en tropiese Afrika”. Kan hieruit afgelei word dat ek propaganda wou maak? Is dit subjektief en bevooroordeeld? of propagandisties? Watter sin het dit om dit as voorbeeld te neem en wat is deur die vertaling vir die Engelsprekendes *weggesteek*? Waarom nie beter voorbeelde kies nie? Mnr. Auerbach se haarklowery bereik hier die peil van absurditeit. Weer eens: sy doel skyn te wees: verdagmaking en afskrikking van die Engelse teks met die implikasie: verban die boek van die Engelse skool — ’n boek deur ’n *Afrikaner* geskryf is noodwendig sleg en hoort nie daar nie!

Maar genoeg. En nou wil ek ’n feit noem waaroor mnr. Auerbach as navorser en proefskryfster nie navraag gedoen het nie. Waarom 92 veranderinge? Ek het die hoofstuk oor Afrika oorspronklik 25 bladsye lank geskryf. Die Uitgewer het my versoek om dit te verkort. Ek het dit tot 16 verkort. Die 16 bladsye is toe in die Afrikaanse teks opgeneem. Omdat onderwysers bevind het dat dit te kort is, het ek die *oorspronklike* teks vir die vertaling laat gebruik. Met die tweede Afrikaanse druk is dit opgeneem, maar omdat daar intussen weer nuwe verwickelinge in Afrika plaasgevind het, het ek die teks weer hier en daar gewysig om dit op datum te bring. Miskien verklaar dit waarom daar soveel veranderinge was.

Daar sal natuurlik nog kritiek kom omdat hoofstuk IV (*Liberale en Nasionale Verset*) langer in die Engelse teks as die Afrikaanse is. Presies dieselfde het met hierdie hoofstuk gebeur. Ek het die Uitgewer versoek om die oorspronklike lang teks vir die tweede Afrikaanse druk te gebruik. Om een of ander rede het hy dit agterweë gelaat en dit verskyn nou eers in die derde druk.

Nog ’n paar voorbeelde. Daar is kwaad en sinistêre bedoelinge daarin gesien dat die hoofstuk oor Afrika in die Afrikaanse teks ’n foto van dr. Carl Peters, die Duitse ontdekkingsreisiger bevat, maar ’n foto van Livingstone in die Engelse teks. Ek het die foto van Peters verskaf omdat ons so weinig weet van ontdekkingsreisigers van ander lande en ander dele van Afrika. Die Uitgewer het sonder my medewete ’n foto van Livingstone in die Engelse teks gesit. Maar was dit nou met die bedoeling om die Afrikaanse kind van Livingstone af te hou soos beweer is? Sy bydrae word tog in die *teks* genoem. En so kan ’n mens voortgaan. As jy ’n hond wil slaan, kry jy altyd ’n stok.

’n Volgende voorbeeld sal dié groot „vonds” van mnr. Auerbach van

21. *Geskiedenis St. VIII* (1958), p. 80.

22. *Illustrated History VIII*, p. 106.

nader bekyk — een van sy „bewyse” vir die aankweking van vooroordeel teen huidige Engelssprekende Suid-Afrikaners. Dit is een van die voorbeelde wat in 1960 hooflyne gehaal het en waarmee nou weer gesmous word — waarskynlik by gebrek aan bewyse dat ek rassegevoelens teen die Engelsprekendes aanwakker.

Na aanleiding van die ontdekking van goud het ek geskryf: „En toe het die stormloop begin. Van heinde en verre, uit alle oorde het geluksoekers op die vlakke van die Witwatersrand saamgestroom. Dit was mense uit goeie dele van Londen, Berlyn, Warskou of Kijef, maar daar was ook mense uit morsige ghetto's en agterbuurtes van genoemde stede”.<sup>23</sup> Die Engelse vertaling het die woorde „morsige ghetto's” weggelaat. Ek stem saam die woord „morsig” kon weggelaat gewees het. Tog het ek nie soos beweer word, *beplan* om die Afrikaanse kind daardeur teen die Jode te bevooroordeel nie. (Ek wonder hoeveel Afrikaanse onderwysers of kinders weet wat die woord „ghetto” beteken.) Dit het in my teks beland nadat ek in dr. G. D. Scholtz se *Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog* deel I, p. 266 gelees het: „Hulle (bedoelde geluksoekers) het gekom uit die deftige en aristokratiese westelike stede van Londen en hulle het gekom uit die vuil en morsige ghetto's van Warschau en Kijef.”

Na aanleiding van mnr. Auerbach se openbare aanval van 1960 het ek aan die begin van 1961 'n brief van die *Joodse Raad van Afgevaardigdes* ontvang waarin my aandag op die twee woorde gevestig is. Ek het my spyt te kenne gegee en die Raad verseker dat dit met die volgende druk uitgelaat sou word. Mnr. Auerbach was in Junie 1962 blykbaar nie hiermee tevrede nie; want hy vryf dit in deur in sy lesing te verklaar: “I know that Professor van Jaarsveld has expressed his regret about them and has promised to delete the phrase from the next Afrikaans edition, *but in the meantime, all those using the book's first two Afrikaans editions read the words in them*”<sup>24</sup> Mnr. Auerbach het hiervolgens wel kennis gedra van my brief aan die Joodse Raad. Maar sy doel is blykbaar om gevoelens by die Joodse gemeenskap teen my aan te wakker. Hy kon niks anders kry om my van vooroordeel teen die Joodse gemeenskap te beskuldig nie en het die woordjies baie nuttig gevind in wat as verdagmaking omskryf kan word. Waarom het hy nie aan die begin *self* my aandag daarop gevestig nie? As ek teen die Joodse gemeenskap wou propaganda maak of hulle in 'n verkeerde daglig stel, kon ek dit tog seker op meer plekke in die boek gedoen het! Die woorde *is* nou verwyder, maar mnr. Auerbach bly nog stook.

Mnr. Auerbach is ook baie begaan daarvoor dat 'n onderskrif by 'n kaart van die vier provinsies en S.W.A., in die Afrikaanse St. VII-boek lui: „Suidwes-Afrika word ook soos 'n provinsie bestuur maar is nog nie werklik 'n deel van die Unie van Suid-Afrika nie”. In die woordjie „nog” (wat die vertaalster laat wegval het in die Engelse uitgawe) word 'n sinistêre heenwysing ontdek na subtile of bedekte propaganda (waarskynlik om die Afrikaanse kind met begerige oë na Suidwes-Afrika te leer loer!). Laat

23. Geskiedenis vir St. VIII (1958), p. 128.

24. *Different Pictures*, p. 4, my kursivering.

ek stel dat ek geen propaganda daarmee beoog het nie. Die woordjie „nog” het moontlik *onbewus* ingesluit — miskien onder tydsinvloede. Dit sal egter verwyder word in ’n volgende uitgawe! As ek propaganda wou voer — daar was voldoende ruimte om dit volledig in die teks te gedoen het! Hier is nou weer ’n voorbeeld van hoe ’n enkele sin geneem word om die *hele* boek daarmee swart te maak, *politieke munt* en *verdagmaking* daaruit te slaan. Mnr. Auerbach soek die reëls met ’n vergrootglas deur.

’n Laaste voorbeeld. (Tyd en ruimte ontbreek om op elke aanval van mnr. Auerbach te antwoord.) My kritikus is baie begaan oor die „verkeerde” voorstelling wat skoolboekskrywers van die Tweede Wêreldoorlog gee. Hy beweer dat sulke verslae „would anger many South Africans of both language groups if they knew of them”.<sup>25</sup> Hy haal dan met die volgende oordeel ’n reël uit my St. VIII-boek aan: “But perhaps the best way of explaining how the matter (die Tweede Wêreldoorlog) is being presented to children whose home language is Afrikaans — (hier dus weer volgens Auerbach bewuste beplanning!) is to quote one sentence in an introductory chapter on Africa after 1939, in a Std. 8 textbook: „Die Tweede Wêreldoorlog was ’n soort burgeroorlog tussen blankes wat mekaar uitgeroei het”. “Naturally the English edition had to soften this into “The Second World War was a war in which mainly Europeans were engaged”. (Vir die vertaling is ek nie verantwoordelik nie.) Die Engelstalige pers het in die woord „civil war” stof tot verontwaardiging gevind.

Wat is die feite? Mnr. Auerbach se stelling is erg *misleidend* en *opsetlik* gekies om sake in ’n verkeerde lig te stel. Die paragraaf waaruit die sin uit sy verband gelig is, gee *nie* ’n beskrywing van die Tweede Wêreldoorlog nie. Dié was *nie ter sake* in ’n hoofstuk oor Afrika nie. Tog het ek, om die veranderinge in die wêreld *as gevolg* van die Wêreldoorlog te verklaar, *terloops* daarna verwys en so omskryf: „Hierdie oorlog wat van 1939 tot 1945 gewoed het, was tussen die Spilmoondhede (Duitsland, Italië en Japan) en die Geallieerdes (Brittanje, Frankryk, Amerika en Rusland). Feitlik die hele Afrika en Asië het aan die kant van die Geallieerdes geveg. Hierdie magte het gewen. Die oorlog het egter baie groot veranderinge meegebring, veral in Afrika”.<sup>26</sup> Onmiddellik hierna volg paragraaf 61: „Die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog: (a) Dit het die lande van die wêreld een gemaak . . . (b) Dit het gelei tot die verswakking van Wes-Europa, wat sowat 400 jaar lank die res oorheers het. Vandag is daar ongeveer 3,000,000,000 mense op die aarde. Hulle is meestal gekleurdes van Afrika en Asië. Vandag het Europa nie meer die leidende posisie in die wêreld nie. Daar is ongeveer 800,000,000 blankes in die wêreld. Die Tweede Wêreldoorlog was ’n soort burgeroorlog tussen blankes wat mekaar uitgeroei het.”

My vraag is waarom mnr. Auerbach nie ook na my bogemelde beskrywing van die Tweede Wêreldoorlog verwys nie. Hy lig die gewraakte sin uit sy konteks en stel voor *asof* ek die oorlog *opsetlik* en met *voorbegadte*

25. Ibid, p. 14.

26. 2de druk, gedruk in 1960, p. 80. Hierdie sin staan nie in die verkorte hoofstuk van die eerste druk nie.

rade by die Afrikaanse kind as 'n „burgeroorlog” wil voorstel. *Enigeen kan sien dat die sin betrekking het op die posisie van die blankes in die na-oorlogse wêreld.* Menige verantwoordelike Britse historikus en strateeg wat die wêreld *globaal* sien, het na die Oorlog, waar dit die *verswakking* van die Weste t.o.v. die nie-blankes in wêreld-verband raak, hierdie woorde gebruik — maar *ek* mag nie; want my doel is mos om die Afrikaanse kind te mislei.

Hierdie tipe kritiek is onregverdig en onbillik, onverantwoord en onverantwoordelik en bereken om die skoolboek en sy skrywer *verdag* te maak. In die *St. IX en X-boek* is die Tweede Wêreldoorlog (waar dit volgens leerplan ter sake is) volledig beskrywe. Waarom het mnr. Auerbach nie daarna verwys nie? Daarin het ek mos voldoende ruimte gehad om die oorlog verkeerd voor te stel as ek wou.

Blykbaar is mnr. Auerbach nie juis begaan oor die *St. IX en X-boek* nie; want hy skryf dat dit „has been translated into English with only minor amendments, showing that the authors consider it broadly acceptable to both sides”.<sup>27</sup> Wat is die feite oor hierdie vertaling? Dit is nie deur mev. Behr gedoen nie, maar deur mnr. R. Metrowich wat dit *letterlik* vertaal het. Die vertaalde teks is daarna *deur my persoonlik* deurgegaan. Ek het, omdat dit in 'n ander taal staan, makliker raakgesien wat beter gestel kan word en hier en daar klein wysiginge in die teks aangebring, *met vermelding daarvan* in die voorwoord, m.a.w. dit was reeds 'n *her-siening* en *verbetering* op die Afrikaanse teks en dié veranderinge is aangebring op die *tweede Afrikaanse* uitgawe sodat die twee tekste dieselfde is vir beide uitgawes. Waarom sou ek bewustelik die eerste drie boekies so onaantoonbaar propagandisties gaan verander het en nie ook die *St. IX en X-boek* nie? Die inhoud van die geskiedenis het tog dieselfde gebly. Waar mnr. Auerbach skryf „showing that the authors consider it broadly acceptable to both sides” suggereer hy immers dat ek *bewus* daarvan sou gewees het dat die eerste drie boekies (VI, VII en VIII) „onaantoonbaar” was en daarom *opsetlik* gewysig moet word. Dis 'n aantyging sonder grond. Waarom sal ek 'n subjektiewe, valse geskiedenis vir die *St. VI, VII en VIII-boekies* skep, maar 'n „objektiewe” korrekte een vir die Seniorboek? As die vertaling van die eerste drie deur my persoonlik behartig was en 'n absoluut getroue vertaling gewees het, soos die Seniorboek, sou dit waarskynlik vir mnr. Auerbach meer aanvaarbaar gewees het. Blyk uit die voorafgaande uiteensetting nie met hoeveel probleme 'n skoolboekskrywer te kampe het nie?

Die vraag is of mnr. Auerbach in sy pogings tot verdagmaking nie by 'n belangrike aspek van die onderrig van geskiedenis verbykyk nie. In 'n vorige artikel, *Skoolgeskiedenisboek en Onderwyser* (gedruk in Aug. 1960 en tans opgeneem in my jongste boek *Lewende Verlede*, 1962, p. 164) het ek nl. gestel: „dat dit nie in die eerste plek die taak van die skoolboek is om die kind te vorm nie (want dit is 'n lewenslose objek wat vertolk kan word) maar die taak van die *onderwyser*. Hy is die persoon wat die boek saam met die leerlinge gebruik. Hy is die man wat hulle geestelik vorm en

27. *Different Pictures*, p. 12.

opvoed.” As lg. nie met ’n bewering in ’n skoolboek saamstem nie, moet hy dit aan die leerlinge sê, want deel van sy opvoedingswerk is om die kinders *krities* te leer dink.

Dit het tyd geword dat mnr. Auerbach vir ons die *ideale*, die *volmaakte* skoolgeskiedenisboek skryf, wat albei taalgroepe *absoluut* tevrede sal stel, of anders kan ons dalk bevind: *Die beste stuurman staan aan wal, òf: Wie in glashuise woon, moet nie met klippe gooi nie!*

#### IV

Om aan te toon dat *enige* skoolboek kwesbaar is — en nie net die Afrikaanse skoolboek soos mnr. Auerbach voorgee nie — gaan ek nou daartoe oor om enkele bladsye uit A. N. Boyce se *Legacy of the Past. A History for Std. VIII (1960)* krities te lees. My doel? *Nie* om mnr. Boyce verdag te maak by die Afrikaners of om sensasie daaruit te slaan nie. Dit spyt my dat dit nou juis mnr. Boyce se boekies moet wees. Maar dis boekies vir wie mnr. Auerbach by die Engelse skole ten gunste van my vertaalde reeks in die bresse tree en ’n reeks wat hy „reasonably unbiased” bevind het. Ek kyk nie as *Afrikaner* daarna nie, maar as historikus wat die historiografie van *beide* bevolkingsgroepe gelees en in my boeke gebruik het. Uit Boyce se boeke blyk dat hy nie van wetenskaplike boeke in *Afrikaans* gebruik gemaak het in die skepping van sy beeld nie. Hy het bv. nie C. F. J. Muller se *Britse Owerheid en die Groot Trek* vir die aanbieding van die Oorsake geraadpleeg nie, maar volstaan met Walker se tradisionele relaas, wat korreksie en aanvulling in die lig van die jongste Afrikaanse navorsing verdien.

In sy St. VII-boek behandel Boyce die oorsake van die Groot Trek aan die hand van Retief se *Manifes*. Waar Retief oor die rol van die sendelinge kla, kies hy kant teen Retief en verdedig Boyce die sendelinge met: “It was unfair to accuse the missionaries of dishonesty and of using their religion as a cloak for their activities”.<sup>28</sup> Boyce versuim hier om op die *politieke* rol van die sendelinge te wys. ’n Mens kan maklik uit sy behandeling van die oorsake van die Trek aflei dat Boyce bevooroordeel teenoor die Voortrekkers staan.

Op dieselfde bladsy wy hy ’n lang paragraaf, langer as al die ander oorsake wat hy noem (soos Hottentottrondlopery, vrystelling van die slawe, gelykstelling, onsekerheid op die Oosgrens, sendelinge) aan „Land Hunger” met as kwalifikasie „this must be regarded as an important cause of the Great Trek”. Hedendaagse historici soos o.a. prof. C. F. J. Muller het in sy genoemde boek aangetoon dat dit ’n *relatief onbelangrike* oorsaak was, hoewel dit as ’n oorsaak gereken moet word, want die gewig lê op die *politieke* beweegredes. „Land hunger” was die vernaamste oorsaak wat die filantropie in die Trek opgegee het en het reg deur die 19de eeu as ’n verklaringsbasis teen die Boere deur Engelse historici gedien.

’n Paar reëls ondertoe lees ons: “The language ordinances making

28. A. N. Boyce, *Legacy of the Past. A History for Std. VII* (Juta), p. 146.

English the only official language was a serious grievance". Hedendaagse navorsing het aangetoon dat dit nie die geval is nie. (Vgl. Muller).

Daar word algemeen vandag aanvaar dat daar by die Oosgrensboere 'n drang na selfstandigheid was in *politieke opsig*. (vgl. Retief se Manifest en sy verklaring aan die Vetrivier op 7 Julie 1837). Boyce verswyg dit of degradeer dit met een van die oorsake wat die sendelinge destyds (en latere Engelse historici) opgegee het: "The frontiersmen, having lived in isolation for so long, loved their independence and resented the government's attempts to tighten up control."<sup>29</sup> „Independence” hier is iets anders as die strewe na politieke onafhanklikheid want dit suggereer ontsnapping aan kontrole, deur die wet. (Waarom het die Trekkers dan self 'n bestuur opgerig pas nadat hulle die Kolonie verlaat het?)

Uit voorgaande is dit duidelik dat Boyce as *Engelssprekende* skryf en die tradisionele *Engelse* en *sendelingvisie* op die oorsake weergee en dat sy *simpatie by die sendelinge* lê. Miskien moet 'n mens dit toeskryf aan sy lewensbeskouing. Ook hier kan gepraat word van „bias by omittance”, en regstreekse vooroordeel.

Nog 'n paar voorbeelde uit Boyce se *St. VIII*-boek: Op bladsy 102 word die Anneksasie van die Transvaal behandel. Hier vind ons weer *verswygings en weglatings*. Hoewel daar *skynredes* was wat Carnarvon en Shepstone vir die anneksasie aangevoer het om dit in die oë van die wêreld te regverdig, word dit sorgvuldig uitgelaat, want dit mag die Britse regering in 'n slegte lig stel. Die skyn-oorsake is *deel* van die geskiedenis en dit moet ook behandel word indien 'n mens die gevoelens en houding van die Boere wil verstaan. Boyce beklemtoon veral die „disastrous failure” (p. 105) van Burgers se kommando teen Sekokoeni. Hy verswyg dat 'n mag agtergebly het wat Sekokoeni teen Januarie 1877 (die kommando was Oktober 1876) om vrede laat smee het. Hy wil die Republiek graag in so 'n swak moontlike lig laat verskyn om die anneksasie te regverdig en om aan te dui dat die Transvalers nie juis so ontevrede was daarmee nie.

Op bl. 105 kry die Hollanders in die Republiek dit aan die stok met sy verklaring: “these men treated the Boers with contempt” — wat nie van alle Hollanders waar was nie. Is hier nie van 'n anti-houding of van „bias” sprake nie?

Bladsy 106 is vol feitlike onjuisthede. Boyce beweer dat pres. Kruger tydens die Eerste Deputasie „was received with courtesy and presented to Queen Victoria”. Hy het nooit die Koningin ontmoet nie. Op dieselfde bladsy word vermeld dat die „meer as 6,000 Boere” (in werklikheid 6,591) die petisie teen anneksasie onderteken het, maar hy verswyg dat slegs 587 daarvoor geteken het. Dit ontnem die krag van die Transvaalse saak. In wat hierop volg (p. 106) verwar hy 'n hele aantal dinge en gee voor dat Gladstone nog gedurende die besoek van die Tweede Deputasie teen die anneksasie gepraat het. Dit is foutief. Sy *Modlothian Speeches* is eers in 1880 gehou toe die Deputasie al lank terug was. Op bl. 111 word die sneeuweling van die Britse soldate deur die Zoeloes in die oorlog van 1879 beskryf

29. Ibid.

as „massacred”. Sy entoesiasme is hier aan die kant van die Britse troepe. Op bl. 112 heet dit dat die Nuwe Republiek „was absorbed” deur die Transvaal. Hy verswyg die onderhandelings met die Britte daaroor. Volgens Boyce het die Boere die Uitlanders „with horror” beskou (p. 113) en hier gaan sy simpatie teen die Boere en vir die Imperiale regering en die Uitlanders. Op p. 130 kom ’n feitelike onjuistheid voor as Boyce beweer: “By 1895 the uitlanders outnumbered the Boers of the Transvaal by seven to three”. Dit was een van die propaganda-argumente wat destyds aangewend is om te toon hoe ’n sterk saak die Uitlanders teen die Boere het.<sup>30</sup> Boyce beweer dat Kruger „the supremacy of the Boers” deur die stemreg wou handhaaf: dit het om die ideaal van *onafhanklikheid* gehandel. Hy beweer op bl. 131 dat die Uitlanders oor korrupsie gekla het „alleging that many of the officials accepted bribes”. Hy gaan nie verder hierop in nie. Die feite behoort tog op so ’n klag verstrekkend te word. Op p. 131 staan ook dat die President die Uitlanders „with contempt” behandel het.

Verder verswyg Boyce dat Chamberlain en die koloniale kantoor aandadig was aan die Jameson-inval — feite wat sedert 1948 tog al deur navorsers aan die lig gebring is. Op p. 121 is ’n feitelike onjuistheid waar Boyce verklaar dat die Konvensie van Londen die Transvaal „complete independence” gegee het en op p. 123 waar hy sê dat Kruger Land Goosen „geannekseer” het. Die wyse waarop Rhodes Rhodesië geannekseer het sowel as die Matabele-oorloë word alles in ’n mooi lig gestel sonder die kritiese afstandhouding van die historikus.

Uit sy teks is dit duidelik dat Boyce, *anti-Kruger*, *anti-Boer*, *anti-Hollander*, en *pro-Uitlander*, *pro-Brits* en *pro-Imperialisme* is. Ek vra my af: sal hierdie aanbieding van Boyce deur die Afrikaanse onderwyser as korrek, onbevooroordeeld, objektief, en „reasonably free of bias” beskou word? En is dit vry van „emotional epithets”? Boyce se behandeling toon net hoe *lewensbeskouing*, *tradisionele siening* en *vooroordeel* sy beeld onbewus en bedek vorm gee. Geen historikus of skoolboekskrywer is vry van gebreke nie. Ons gaan almal mank aan die bindinge aan ons sosiale, geestelike en persoonlike belange en omstandighede wat ons kyk op sake kleur. Ek het dit tevore reeds gesê dat geen historikus vry is van die beperkinge wat sy persoon, sy tyd en omgewing aan hom stel nie. Daarom kan ek saamstem met E. H. Dance, ’n skoolboekskrywer van Brittanje, waar hy in ’n treffende boek stel: “There can be no such thing as objective history. Historians (honest or dishonest) are no more objective than witnesses (honest or dishonest) in a law-court; no two of them give the same account of the same thing; and no one of them ever succeeds in saying exactly what he sets out to say about it.”<sup>31</sup>

Sal ek nou mnr. Boyce verwyt of in die arena van die publieke pers sleep en hom voor die Afrikaners verdag maak en van rassehaat aankla? Ek kan ook soos Auerbach sê: ek het maar na enkele bladsye gekyk en dan suggereer dat die *hele* boek so is. Nee, my verantwoordelikheid as

30. Vgl. bv. getalle vermeld in dr. M. J. Hugo se *Die Stemregvraagstuk in die S.A. Republiek* (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1947), p. 173 en J. S. Marais: *The Fall of Krugers Republic*, p. 3.

31. E. H. Dance: *History the Betrayer A study of Bias* (Londen 1960), p. 9 en deur dieselfde skrywer: *A History of Europe?* (1960). E. H. Dance is self skrywer van skoolgeskiedenisboeke.



mens en historikus weerhou my van so 'n optrede. As mnr. Boyce my sou vra om sy boeke te help hersien, sal ek sê: ja seker, (as my tyd dit toelaat) want 'n tweede leser kyk met ander oë en kan sulke wysiginge voorstel as wat vir beide taalgroepe aanvaarbaar is — às die Engelssprekende gemeenskap dit wil hê, — wat 'n ander vraag is.

Ons staan temidde van die probleem van nasievorming. In plaas daarvan om mekaar in die openbaar te beveg en verdag te maak en bitter gevoelens op te wek, sal dit beter wees as ons mekaar langs rasonale en vriendskaplike weë vind om op te bou aan die groot taak van nasiebou. Daar is verskille maar ook soveel punte van ooreenkoms. Ek wil in teëstelling met mnr. Auerbach beweer dat ons twee blanke groepe baie nader aanmekaar beweeg het as wat hy vermoed — ook in ons voorstelling van die beeld van ons gemeenskaplike verlede.

Wanneer ek die inhoud van Boyce se boeke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis vergelyk met my reeks, is daar sulke opvallende ooreenkomste aan inhoud dat ek kategorieë kan beweer dat hy in baie van sy afdelings met my boeke oop voor hom gesit en werk het.<sup>32</sup> Ook my metode van teks, paragrawe, opsommings en take is gevolg soos trouens die meeste skoolboekskrywers gedoen het, nadat my reeks die lig gesien het. Dit was makliker om te bou nadat die fundamente voorberei is, makliker om van jou voorganger te baat en van sy begin-gebreke uit te skakel.

Ten slotte. Ek wil duidelik stel dat ek nie mnr. Auerbach se *reg* beveg om skoolboeke te ondersoek en te bespreek of 'n dissertasie daaroor te skrywe nie; dit staan enigiemand vry om dit te doen, maar ek wil daarop wys dat die historiese kritiek 'n *verantwoordelike* saak is.<sup>33</sup> Baie hang af van die *metode* en motiewe. Wanneer daarmee tendensies nagestrewede, rassegevoelens aangestook of verdagmaking gesaai word, kan die historiese kritiek tot 'n gevaarlike instrument word, byna soos die spreekwoordelike skeermes in die hand van 'n aap.

A. van Jaarsveld

- 
32. Vgl. bv. Boyce se behandeling van die Diamantveldkwessie (en kaart), Carnarvon se federasie, waar hy na die gevolge van die anneksasie verwys (p. 104) wat ooreenstem met my gevolge op p. 155 van die *Illustrated History Std. VIII*; die teenoormekaarstelling van Rhodes en Kruger se ideale (Boyce p. 119-121; my *History VIII*, p. 171-178); die gevolge van die Jameson-Raid (Boyce p. 134, my *History St. VIII*, p. 185); die oorsake van die Anglo-Boere-oorlog (Boyce, p. 135, my *History VIII*, p. 193-195). Hierin kan ek op feitlik gelykluidende inhoud, sinne en frases wys.
33. Vgl. my artikel hieroor in *Lewende Verlede* (1962), nl. *Die Boekbespreking in die Geskiedeniswetenskap*.